02

# EPIFANIE

Jaargang 24 | 6 Februarie 2026

# VRY POS



LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

NG Kerk
Vrystaat



Celicia McLean
# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**


***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Mariëtte Odendaal | Wouter van Velden & Marlou Strydom | Andries Gous
Enrico Casaleggio | Stéphan van der Watt
Cobus Hamman | Leon M Foot | Celicia McLean
*Kerkbode* | *CLF* | *Bybel-Media* | *TOIBO*
*Bybelgenootskap SA*

## EPIFANIE

Die woord epifanie kom van 'n Griekse woord wat "verskyning" beteken. Alhoewel Jesus Christus se heerlikheid in al sy woorde en werke geopenbaar is, word die woord epifanie gebruik om die gebeurtenisse in sy lewe, toe sy heerlikheid in die besonder sigbaar was, te beskryf. Die Fees van die Epifanie word elke jaar op 6 Januarie gevier, en dan word die volgende herdenk: die sterrekykers se huldebewyse aan die baba Jesus (Matt 2:11); die doop van Jesus in die Jordaan toe die stem van die Vader Hom sy geliefde Seun genoem het (Matt 3:17; Mark 1:11), en die wonderwerk te Kana in Galilea toe Jesus water in wyn laat verander het en daardeur "sy heerlikheid laat blyk" het (Joh 2:11).
*(Kerkbode, Skrywer: M van Heerden)*

## DAGBOEK DÍT

### VROUEKAMP MET ROEDOLF BOTHA
### *"GOD ROEP JOU"*

**20-22 Februarie 2026**
Amanzi Wildreservaat, Bloemfontein

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 20 Februarie** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING | Moderamen
**Jan Lubbe** | *In plaas van die dors, ... lewende water!*

## ARTIKELS 05

05 | DIENS VAN BARMHARTIGHEID
**Mariëtte Odendaal** | *AURORA (DEEL 2): Waar jou reis na 'n nuwe en gesonder toekoms begin*

06 | VENNOTE IN GETUIENIS | Kopanong Studentebediening
**Wouter van Velden & Marlou Strydom** | *Kougom 2026 - 'n nuwe begin*

07 | VENNOTE IN GETUIENIS | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

08 | VENNOTE IN GETUIENIS | Islam
**Enrico Casaleggio** | *Die verskil tussen die God van die Bybel en Allah | Nr 1 - Die identiteit van God: die Drie-eenheid teenoor die absolute enkelheid*

09 | VENNOTE IN GETUIENIS | Missie Japan
**Stéphan van der Watt** | *Nuusflits: Getuienis Kollig - Kyoto kuns-onnie word Pastor*

11 | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *John Kololo - staatmaker en vertroueling*

12 | ALGEMEEN
**Cobus Hamman** | *Christelike leierskap volgens Henri Nouwen*

## MEDIATEEK 13

**Leon M Foot** | *Kom lees 'n boek*

## VERJAARSDAE 17

## EKOLOGIE 18

**Mariëtte Odendaal** | *Van rentmeesters tot instandhouders*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 19

**19** | 96ste Wêreldbiddag vir Vroue
**21** | Advertensies

## OPLEIDING 23

## KERKBODE BROKKIES 24


## PUBLIKASIES 25

## WAT'S NUUS? 26
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 28

**Celicia McLean** | *Wees stil en weet*

## KONTAK ONS 30



# In plaas van die dors, ... lewende water!

VISIONERING | MODERAMEN
Voorsitter
*Ds Jan Lubbe*

Die dam op Menuha is vol. Daar kom die voëls van die veld hul dors les, ook volstruise en wildsbokke. In die groen gras op die rand van die water langs, wei wit boerbokke met hul rooi koppe. 'n Prentjie van rus, bo uit die kapel, Psalm 23.

Die afgelope twee dae was verteenwoordigers van ons NG Kerk in die Vrystaat op Menuha; eers die visioneringspan wat met geloofsonderskeiding wou luister en soek na die pad waarop ons nou vorentoe geroep word, en gister, die Moderamen. 'n Voorlaaste vergadering vir die huidige termyn, want oor 120 dae – vier maande – open die 55ste Sinode van die NG Kerk Vrystaat by NAMPO, anderkant Bothaville.

Sal daar ook dan rus wees, vir "elkeen wat moeg en oorlaai is", en 'n nuwe roeping vir ons NG Kerke in hierdie landstreek?

Twee profetiese tekste uit die Ou Testament het ons aandag getrek, en uiteindelik harte verkwik en ons hande en knieë versterk. Die eerste – *ad fontes* ("terug na die bron, die fontein") – was **Jesaja 60 en 61**, waaruit al vir 'n honderd-en-sestig jaar die leuse of roeping van ons Sinode Vrystaat kom, daardie **"Lig in die Duisternis"**. Dit kom uit die derde boekdeel van Jesaja; die volk het teruggekeer uit ballingskap, die bevryding het gekom, en tóg is alles nie wel – orals nog die puinhope, verliese van gister en twyfel oor môre.

Lees meer »

NG Kerk | Moderamen
Vrystaat

22 Januarie 2026

**AAN VOORSITTERS VAN KERKRADE/SKRIBAS**
**ALLE GEMEENTES**
**NG KERK VRYSTAAT**

Beste Kollegas

**VRYSTAAT SINODE – 7 TOT 10 JUNIE 2026**

Ontvang asseblief hiermee kennis van die vyf-en-vyftigste Sinode van die NG Kerk Vrystaat wat in 2026 plaasvind en wat as die **Bothaville Sinode 2026** sal bekend staan.

**1. PLEK**

Die sinodesitting vind weer op die gronde van **NAMPOPARK** buite **Bothaville** plaas.

**2. TYDPERK**

Die Sinode sal in sitting wees **vanaf Sondagmiddag 7 Junie tot Woensdagmiddag 10 Junie 2026.** Die spesifieke tye van opening en afsluiting sal na finalisering van die program aan u gestuur word.

***3.*** **GELOOFSBRIEF (Bylae A)**

**Die sperdatum vir indiening is Vrydag <u>6 Maart 2026</u>, *reël asseblief u kerkraadvergaderings dienooreenkomstig, sodat geloofsbriewe hierdie kantoor betyds kan bereik!***

- ***Sien ook die belangrike inligting ten opsigte van die korrekte voltooiing van die geloofsbrief.***
- ***Onthou om twee kopieë rug aan rug te druk. Die oorspronklik voltooide dokument moet ingegee word. Hou een kopie vir jou eie rekord.***

**4. BESKRYWINGSPUNTE EN GRAVAMEN**

**Die volgende is van belang ten opsigte van beskrywingspunte en gravamen (leerstellige beswaar).**

'n Beskrywingspunt vir behandeling deur die sinode mag ingedien word deur 'n permanente kommissie, Bediening of taakspan van die sinode, 'n ring en 'n kerkraad. Onderhewig aan hierdie bepalings het 'n ongesensureerde lidmaat die reg om 'n beskrywingspunt by die kerkraad in te dien vir deursending na die sinode.

Beskrywingspunte vir behandeling deur die Sinode moet **<u>minstens twee maande voor die aanvang van die Sinode</u>** in die hande van die Skriba van die Moderamen wees.

# AURORA

DEEL 2



## Waar jou reis na 'n nuwe en gesonder toekoms begin

In ons vorige uitgawe het ons met Marietjie Landsberg, direkteur van **Aurora Addiction Recovery Centre**, gaan gesels om meer uit te vind oor haarself, wat haar pos daar behels en wat sy as die grootste uitdagings in haar beroep ervaar.

*"Moenie die persoon veroordeel nie en vermy "religious shaming". Middelafhanklikheid is 'n chroniese siektetoestand en kan enige persoon raak."*

**Marietjie Landsberg**
Direkteur: Aurora Addiction Recovery Centre

DIENS VAN BARMHARTIGHEID
*Mariëtte Odendaal*

In hierdie uitgawe gaan ons meer fokus op die wanpersepsies waarvan ons moet weet ten opsigte van die gebruik van dagga, wat gesinslede kan doen om verslawing te probeer vermy, die gevaartekens van verslawing wat rooi ligte moet laat aangaan en hoe 'n mens te werk kan gaan om so iemand te help.

### Marietjie, watter wanpersepsies het die mense in die buitewêreld ten opsigte van dagga en waarvan moet ons weet?

"Baie mense dink dat die gebruik van dagga wettig is en dat enige persoon dit op enige plek in enige hoeveelheid kan gebruik, kweek en selfs verkoop. Die gebruik van dagga is nie gewettig nie; dit is gedekriminaliseer. Dit beteken jy gaan nie vervolg word as jy dit binne die raamwerk van die nuwe wetgewing gebruik nie."


**Lees** meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
Kopanong Studentebediening
*Ds Wouter van Velden*

# Kougom 2026
## 'n nuwe begin

"Goodbye Yesterday". Dit was die tema van die jaarlike Waypoint[1] studentekamp wat vanjaar van 23 tot 26 Januarie plaasgevind het (of, as jy 'n spanlid was, alreeds van die 22ste af). Gedurende hierdie paar dae het jongmense op die VCSV Retief kampterrein bymekaar gekom vir lofprysing en geestelike gesprekke, maar ook vir vele vorms van pret en plesier.

Vanuit Paulus se lewensverhaal is daar nagedink oor die nuwe begin wat veral die eerstejaar-studente nou maak.




[1] *Waypoint: die studentebedieningsnetwerk van die NGKV en wat bestaan uit Kopanong, SINK by Langenhovenpark, Pellisier en Centre of Faith by Geloofsentrum*

Enersyds sê hulle totsiens aan gister, aangesien skool nou verby is en 'n nuwe fase op universiteit afskop. Andersyds het die verhaal ons ook aangemoedig om die ou self, die sonde van die ou mens agter te laat en om as die nuwe mense wat God ons gemaak het, te leef (2 Korintiërs 5). En om te ontdek dat God ook vir elkeen van ons as nuwe mense 'n spesifieke roeping het.

In hierdie verband het die getuienis van Ivor Swartz, wat Saterdagmiddag as gasspreker opgetree het, 'n besondere impak gemaak. Hy het jongmense aangemoedig om te ontdek watter roeping God vir hulle het, ongeag hoe hulle verlede lyk.

**Lees** meer »




***Video:*** *Kougom 2026 hoogtepunte deur Marlou Strydom, Kopanong (verskaf)*






VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

# DEGNOS-dinge

## Liewe vriende van DEGNOS

### 'n Terugblik op God se werk in die DEGNOS-bediening

Die hele skepping het getuig van die lof, eer en heerlikheid wat aan God en die Lam behoort, en met dankbaarheid het ons teruggekyk op sy genade en trou in die DEGNOS-bediening.

In die afgelope tyd is die bediening op verskeie fronte versterk. Riana het 'n Amos Meerkat Skoleslypskool in Windhoek bygewoon en waardevolle insigte opgedoen wat sy met DEGNOS se kleinskoolonderwysers gedeel het. Ons was dankbaar vir AMS se rol in die bevordering van vroeë onderwys binne San-gemeenskappe.

Die Jeugbediening op Mangetti Duin het momentum opgebou met gereelde byeenkomste. Die evangelie is met vrymoedigheid gedeel, en verskeie kinders het besluit om Jesus as Verlosser te volg. Die jeug het ook deur sang hul ouers uitgenooi om die Here te volg, 'n getuienis wat diep geraak het.

Op Tsumkwe het die behuisingsprojek vordering gemaak toe 'n ou mobiele huis na die kerkterrein verskuif is. Hierdie projek het die grondslag gelê vir verbeterde akkommodasie vir besoekers en uitreikspanne. Intussen het instandhoudingswerk ook op ander projekte voortgegaan.

In Tsintsabis het 'n uitdaging rondom die eienaarskap van kerkgrond na vore gekom. Die gemeente het leiding en voorsiening gesoek, terwyl landbou-aktiwiteite terselfdertyd begin het. Op die landboufront is kleinboere ondersteun, maar daar is ook dringend aandag gegee aan verouderde waterinstallasies.

Ons was dankbaar vir nuwe helpers wat aangesluit het, vir 'n nuwe vragmotor wat die werk vergemaklik het, en vir bou- en beplanningswerk wat in verskeie gemeentes plaasgevind het.

**Lees** meer »

# iSLAM

## Die verskil tussen die God van die Bybel en Allah | Nr 1

### *Die identiteit van God: die Drie-eenheid teenoor die absolute enkelheid*

Om die verskil tussen die God van die Bybel en die god wat in die Koran as Allah bekend gestel word, in 'n kort artikel of twee uit te wys, kan nie in die minste reg laat geskied aan die diepte en die omvang van die saak nie. Hierdie kort artikel se doel is om die algemene lidmaat aan die basiese sake, wat hierdie gesprek betref, bekend te stel.

Beide Christene en Moslems gebruik die woord "God", maar die wese van wat hulle daarmee bedoel, het radikaal verskillende identiteite, karakters en openbarings. Die verskil lê nie net in detail nie — dit lê in die aard van God self. Die Christelike verstaan van God, soos gevind in die Bybel, teken God as Drie-enig: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. God word geteken as drie Persone in een Wese.

Volgens die Bybel is Jesus God. Hy is nie net 'n profeet nie. Die Heilige Gees is ook God – nie net 'n engel of 'n krag nie. Voorbeelde uit die Bybel is te veel om te noem, maar in Johannes 1:1 staan daar byvoorbeeld van die Here Jesus: "Die Woord was by God en was self God". In Johannes 10:30 sê die Here Jesus: "Ek en die Vader is een." In Matteus 28:19 kry ons ook een van die Drie-eenheidsformules, waar daar staan: "... doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees."

Hierdie God is 'n verhoudingsgod. Hy is liefdevol en die Drie-eenheid leef ook in 'n onderlinge verhouding van liefde (Johannes 17:23).

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel hoofsaaklik oor die verskil tussen die God van die Bybel en Allah: Die identiteit van God: die Drie-eenheid teenoor die absolute enkelheid.*

Volgens die Islamitiese verstaan van god, soos gevind in die Koran, is Allah absoluut een (*tawhid*). Enige vorm van "deelgenootskap" (soos die Drie-eenheid) is volgens Moslems die grootste sonde. Dit is vir hulle godslasterlik. Iets wat hulle *shirk* noem. Jesus (genoem *Isa* in hulle geskrifte) is volgens hulle nie God nie, nie die Seun van God nie, en is ook nie gekruisig nie. Noodwendig beteken dit dan ook dat hy nie uit die dood opgestaan het nie.

Voorbeelde uit die Koran vind ons onder andere in Surah 112:1-4, waar daar, volgens die Engelse vertaling van die Koran staan:

Say, "He is Allah, [who is] One," "Allah, the Eternal Refuge [As-Samad]."
"He neither begets nor is born," "Nor is there to Him any equivalent."

Hulle bely dus dat Allah geen mense verwek nie en hyself is ook nie verwek nie. Surah 4:171 sê in reaksie op Christene se leer oor die Drie-eenheid: "Sê nie: 'Drie' nie ... Allah is maar een God." Surah 5:72 sê in dieselfde trant: "Hulle het waarlik ongelowig geword wat sê: 'Allah is die Messias, seun van Maria.'"

Dit spreek dus duidelik uit bogenoemde dat die God van die Bybel nie die god van die Koran kan wees nie. Dat Christene en Moslems nie dieselfde God aanbid nie, spreek duidelik uit bogenoemde tekste.

By 'n volgende geleentheid gaan ons voort om te kyk na die verskille tussen die God van die Bybel en Allah, deur te kyk na die karakter van God.

**Lees** hier »

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## Getuienis Kollig
## *Kyoto kuns-onnie word Pastor*

"Ná universiteit het ek 'n kunsonderwyser in Kobe geword. Maar hoe besiger ek geraak het, hoe minder het ek kerk toe begin gaan; my geloof het verswak, en ek het my begeerte verloor om God te volg. Ek het elke aand ná werk saam met vriende gaan drink. Tot my skaamte het ek eendag te veel gedrink, my bewussyn verloor, in 'n sloot geval en 'n ernstige besering aan my kakebeen opgedoen. Toe ek bykom, het ek besef ek lê in 'n poel bloed in my kamer. Ek het my vuil en misvormde gesig in die spieël gesien en skielik helder besef: 'Ek is 'n sondaar.' Tot dan toe het ek gedink: 'Ek is eintlik 'n redelike goeie mens.' Maar op daardie oomblik het ek opreg gebid: 'Here Jesus, vergewe my asseblief.' Toe het die lewende Jesus sagkens in my hart gespreek: 'Dít is waarom Ek vir jou gekruisig is.'"

"Trane het oor my wange gestroom, en ek het 'n vaste besluit in my hart geneem: 'Van nou af sal ek my lewe leef deur Jesus te volg.'"

Aan die woord is ds Minoru Yoshida, wat, nadat hy 23 jaar in 'n gemeente in Kobe gedien het, sedert 2020 die leraar is van RCJ Tajima Mikuni-gemeente. Die kerkgebou in die platteland van Wes Japan, waarin ons na sy getuienis geluister het einde 2025, was oorspronklik 'n tuinbou-winkel wat hulle tweedehands gekoop en opgeknap het. Die gemeente is tans besig met verdere bouwerk om 'n fasiliteit vir mense met intellektuele gestremdhede te skep, genaamd die '*Koinonia*-projek', onder leiding van ds Yoshida (sien foto van gebou).

**Lees** meer »

***Foto:*** *verskaf*




VROUE
KAMP
20 - 22
FEBRUARIE
God roep jou
Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE
Met ons aanbieder van eKerk
ROEDOLF BOTHA
Roedolf het 'n Ph.D in Nuwe Testament verwerf by die Universiteit van Nijmegen (Radboud) in Nederland. Sy liefde vir die Here kry gestalte in sy passie vir die plaaslike gemeente, kerk- en geloofslos-mense asook die toerusting van leiers.
Besprekings
Marietjie van der Merwe
076 113 9601
vrouelidmate@gmail.com
vb
VROUEBEDIENING

ALGEMEEN
*Mariëtte Odendaal*

# John Kololo
## staatmaker en vertroueling

Ons stap daagliks in pragtige geboue, blinkgepoetste huise en kantore in en besef dikwels nie dat daar 'n toegewyde mens en baie harde werk daaragter sit nie.

As 'n mens in die gange van ons Sinodale Kantoor in Bloemfontein instap, sal jy dalk op Girly Seyoko afkom wat al vir meer as 35 jaar sorg dat ons vloere blink en ons kantore sonder stof is. Daar is egter 'n interessante storie agter Girly se betrokkenheid by ons sinode wat by haar oupa, John Kololo, begin het.

Mnr André Esterhuizen, eertydse saakge-lastigde, vertel: "Toe die bekende dr SJ (oom Fanie) Naudé op 6 November 1920 by die Vrystaatse Kerk begin werk het en nog 'n alleenloper was, het John Kololo by die Sinodale Kantoor begin werk en ook sommer vir oom Fanie in sy blyplek gehelp.

"Nadat oom Fanie getroud is, het John se vrou, Maggie, by die Naudé's aan huis begin werk tot, sover ek weet, met haar afsterwe.

**Lees** meer »



S. J. NAUDÉ



**Foto:** *Girly Seyoko (verskaf)*

*"Wanneer dit tyd was vir die destydse jaarlikse sinodale kommissievergadering, is daar altyd in die portaal van die Sinodesaal tee en verversings aangebied. Dan het John 'n das aangesit, sy wit stofjas aangetrek en reg agter die kokende "urn" gaan staan en na homself as die 'saakgelastigde se agteros' verwys, terwyl hy die aandag van die teedrinkende broers terdeë geniet het."*

**Mnr André Esterhuizen** | Eertydse saakgelastigde

# Christelike leierskap volgens Henri Nouwen

ALGEMEEN

*Ds Cobus Hamman*





***Foto:** Oorgeneem uit pottersinn.com/name-of-jesus*

*Nouwen, H M J 1989.*
*In the Name of Jesus: Reflections on Christian Leadership.*
*New York: Crossroad.*

## 1. Inleidend

In sy boek oor Christelike leierskap fokus Nouwen op twee Skrifgedeeltes: Matteus 4:1-11 (Jesus se versoeking in die woestyn) en Johannes 21:15-19 (Petrus word in sy amp herstel). 'n Gesprek oor Christelike leierskap is gelyktydig 'n gesprek oor persoonlike spirituele ontwikkeling: Hoe meer ons op 'n geestelike vlak verander om aan die beeld van Christus gelyk te word, hoe meer kom ons leierskapstyl in lyn met Jesus s'n. Geestelike groei behels dus beweging – daar vind skuiwe plaas.

Nouwen werk met drie temas, en by elke tema is daar 'n duidelike skuif/beweging wat plaasvind:

1. 'n Skuif van relevansie/gepastheid na gebed
2. 'n Skuif van populariteit na diensbaarheid
3. 'n Skuif van leiding neem na gelei word.

Hierdie bewegings word telkens verbind met Jesus se drie versoekings in die woestyn, sowel as die verheerlikte Jesus se gesprek met Petrus langs die See van Tiberias.

## 2. Van relevansie/gepastheid na gebed

Die eerste versoeking waarmee Jesus in die woestyn gekonfronteer word, is om gepas en relevant te wees deur klippe in brood te verander. Dit klink op die oog af na 'n wonderlike idee: Duisende honger mense kan gevoed word deurdat hulle slegs klippe optel en dan tot die verrassende besef kom dat dit eintlik brood is om hulle honger te stil!

**Lees** meer »

# KOM, LEES 'N BOEK

Die Sinodale kantoor beskik oor 'n goed-toegeruste Mediateek waar honderde boeke wag om gelees te word. Die boek word – soos in 'n biblioteek – uitgeneem en later terugbesorg. Jy verdien ook VBO-punte deur die boeke te lees. Om jou lus te maak noem ons 'n aantal boeke met outeurs wat met A begin.

**Denise Ackerman: *After the locusts***
The entire book is a letter of faith from a woman of courage! In personal confrontation of the locust plagues of apartheid and HIV/AIDSVin South Africa, Denis Ackerman plots a landscape of struggle and hope.

**Denise Ackerman: *Surprised by the Man on the Borrowed Donkey – Ordinary Blessings***
A brilliantly personal, honest analysis of what it means to be blessed when the contradictions, paradoxes, ambiguities and incongruities of life are embraced.

**Sunday Bobai Agang: *African Public Theology***
Africa needs leaders and Christians from every walk of life to rediscover their identity and purpose in all spheres of society. African Public Theology sounds a clarion call to accomplish this vital task. God created all humans equally for us to live in community and take responsibility for the world around us – a mandate we need to act on.

**Jared E Alcantrara: *The Proctices of Christian Preaching: Essentials for Effective Proclamation***
A practice-centered collaborative, technologically innovative, next-generation introductory preaching textbook with supplementary online resources that include the perspectives of a diverse team of collaborators.

**Karin Armstrong: *The Spiral Staircase – A Memoir***
After seven years of hoping but ultimately failing to find enlightenment, Karen Armstrong left her early life as a nun... Written with startling perception and astonishing sensitivity, The Spiral Staircase is an exploration of one woman's painful journey to find herself and claim her place in the world.

**Carel Anthonissen: *Vuurvas***
Vuurvas (Anthonissen se debuutbundel in Afrikaans) is 'n meditasie en 'n belydenis wat die ironie en paradokse van die bestaan nie uit die weg baan nie. Algemene menslike belewenisse vind hier neerslag in 'n fynsinnige digterlike vorm. Wat bely word, is ervarings van verlies en aanvaarding, maar veral die proses van loutering. Niks word gelouter of gesuiwer sonder pyn nie.

**Arbinger Institute: *Leadership and self-deception: Getting out of the box***
The word-of-mouth phenomenon that is changing lives and transforming organisations. Learn how to tap into an innate ability that dramatically improves both your relationships and your results.

**Gayle C Avery: Understanding Leadership**
Are current concepts of leadership appropriate for today's organizations? What will tomorrow's leadership need to be like? Is there a best approach to leadership?

**Saint Augustine: *City of God***
St Augustine, bishop of Hippo, is one of the central figures in the history of Christianity, and City of God is one of his greatest theological works. Written as an eloquent defence of the faith at a time when the Roman Empire was on the brink of collapse, it examines the ancient pagan religions of Rome, the arguments of the Greek philosophers and the revelations of the Bible. Pointing the way forward to a citizenship that transcends worldly politics and will last for eternity, City of God is one of the most influential documents in the development of Christianity. (1091 pages!)

BEDIENINGSBEGELEIDING
Mediateek
*Dr Leon M Foot*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# VERITAS

## NG GEMEENTE HOSPITAALPARK

Bring jou **Bybel en pen** saam
en kom neem deel



### MODULE 1 | Die briewe in die Nuwe Testament

**Veritas is 'n program** wat geskep is vir mense om te leer hoe om die **Bybel te interpreteer**. Die idee is dat iemand aan die einde van die kursus enige brief in die Nuwe Testament kan lees en self baie deeglik en korrek interpreteer. Hierdie kursus is geskik vir **jongmense vanaf hoërskool ouderdom tot in die gryskopjare — dus elkeen**. **Jy hoef nie ekstra kennis te hê nie.**

### KONTAKSESSIES

**ELKE TWEEDE SONDAG**
**17:30 - 19:00**
*GEEN aanbiedings*
*tydens vakansies en langnaweke*

**15 FEBRUARIE TOT 8 NOVEMBER**
*GEEN vervelige lesings nie!*

**R600** P/P

*Sluit 'n werkboek en 'n baie oulike Bybelinterpretasie-boek in*

**SKRYF GERUS VANDAG REEDS IN BY DIE KERKKANTOOR**

051 522 3059 | ngkhospitaalpark@gmail.com | Mayo Str 53, Hospitaalpark, BFN

# Jaarboek

## van die Nederduitse Gereformeerde Kerke




*Jaarboek 2026* bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.

### e-Jaarboek op missio.org.za

*e-Jaarboek 2026 is as 'n gebruikersvriendelike digitale weergawe beskikbaar vir slegs R299.*

***Kry met 'n jaarlikse subskripsie toegang tot die e-Jaarboek op www.missio.org.za***

### Bestellings is nou oop!

**Jaarboeke is beskikbaar vanaf Desember 2025**

## Bestelvorm

### #1 Aantal boeke en CD's

* Vul getal in toepaslike blokkie(s) in
* Alle pryse sluit BTW en verpakking in

| | | | |
|---|---|---|---|
| ☐ | Jaarboek 2026 | **@R399 elk** | **= R ............** |
| ☐ | CD-weergawe | **@R299 elk** | **= R ............** |
| ☐ | Boek & CD | **@R499 per stel** | **= R ............** |
| ☐ | Koerierkoste | **@R99** | **= R ............** |
| | | **Totaal =** | |

### #2 Betalingswyse

☐ **Plaas op rekening van** ............................................

☐ **Direkte inbetaling aan** CLF Uitgewers, ABSA Bank, Reknr 470 188 499, Takkode 632005.

**E-pos bewys** aan bestel@bmedia.co.za

**NB: Gebruik een van die volgende as verwysingsnommer:**
Rekeningnommer + JB **OF** Gemeentenaam + JB

### #3 Afleweringsadres

*Vul die inligting in vir waar aflewering moet plaasvind

**Pos aan gemeente/instansie/individu:**

............................................................

**Adres:** ............................................................

............................................................

............................................ **Poskode:** ............

**Telefoonnommer:** ............................................

**Bestelling geplaas deur:**

............................................................


## Plaas jou bestelling

**E-pos:** bestel@bmedia.co.za
**WhatsApp:** 079 881 2729
**Webblad:** www.bybelmedia.org.za

Bybel-Media

# Nou beskikbaar op

**missio** | deur BYBEL-MEDIA







***Leesrooster vir lidmate*** **en *Woord en Fees*.**

**Vir Advent 2025 tot Koninkrykstyd 2026.**

## NOU BESKIKBAAR

Maak elke erediens 'n geloofsbelewenis met oordenkings vir lidmate, preekstudies en liturgiese voorstelle gebaseer op die kerkjaar. **Missio.org.za** is 'n groeiende bedieningsplatform wat gebruikers toegang gee tot verskeie produkte en hulpbronne om hulle op hulle geloofsreis te ondersteun. **Woord en Fees** is die perfekte hulpmiddel vir elke leraar, gemeenteleier, liturg en verkondiger van die Woord in die ontwikkeling van preke en vir die voorbereiding van eredienste en ander geloofsbyeenkomste. **Woord en Fees** volg die seisoene van die kerkjaar en maak vanjaar gebruik van die teksrooster *Revised Common Lectionary, Jaar A*.

**Besoek gerus www.missio.org.za of kontak support@missio.org.za vir enige navrae.**

# VERJAARSDAE

ngkerkvrystaat.co.za

# VEELS GELUK



Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## FEBRUARIE

**13** Ds Gerber Roux
HOSPITAALPARK

**13** Ds Ferdi Retief
NOORDHOEK

**15** Ds Chris de Vries
HEUWELSIG

**18** Mev Sanet Annandale
SINODALE KANTOOR

**20** Ds Matteus Vorster
TROMPSBURG



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

# Van rentmeesters tot instandhouders

## Die rol wat gemeentes kan speel

Die somerson hang tans swaar oor die mielie-, koring- en sonneblomlande van Suid-Afrika. Soos die planttye ten einde loop en die oestye naderkom, staan ons dikwels verstom en met groot dankbaarheid oor die oorvloed; nie net as boere nie, maar selfs ons as dorpenaars en stadsjapies as ons na ons blom-, vrugte- en groentetuine kyk.

Die vraag kom dan ook dikwels by ons op: wat kan ons doen om die kosbare grond wat ons bewerk te bewaar en die vrugbare gehalte daarvan te verbeter? Teen hierdie tyd is ons wel deeglik bewus van die negatiewe effek wat erosie, versuring, droogtes en verwoestyning op grond het. Ons hoor ook dikwels suksesverhale van mense wat deur middel van effektiewe landboumetodes wondere vir grondbewaring en -gehalteverbetering doen.

## Wat kan ons as gemeentes doen?

Ons lees en hoor al hoe meer hoe gemeentes en selfs gesinne van passiewe rentmeesters na aktiewe instandhouers beweeg.

**Lees** meer »

## 96ste Wêreldbiddag vir Vroue



2026 se tema: 'Kom, Ek sal jou rus gee'. Die program is saamgestel deur vroue van Nigerië.

Wêreldbiddag vir Vroue word vanjaar op 6 Maart 2026 gehou. Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders van verskillende lande wat elke jaar op die eerste Vrydag in Maart vergader om 'n besondere dag van gebed te vier. Tydens die Wêreldbiddag vergader gelowiges van verskillende rasse, kulture en kerke, om saam te bid, ons voor God te verootmoedig en vir mekaar in te tree.

Lees meer »

Internasionaal word die Wêreldbiddag reeds vanaf 1887 gevier. Die dag word tans in meer as 170 lande op al 7 kontinente gehou. In Suid-Afrika is dit die 96ste jaar wat ons deel is hiervan. Die program word in nege van die amptelike tale vertaal.








# Wêreldbiddag vir *Vroue*

NG Gemeente **Bainsvlei**
***Dagboek die datum***

*Kom en geniet die aand saam met ons!*

**6 Maart 2026 | 18:30**
***Sagte kollekte***

Navrae | Ethnè Naborn
Sel: 072 111 4296
Kerkkantoor: 051 451 1788



met

*Du Preez Scholtz*
Gaskunstenaar



en

*Annelize Hamman*
Spreker

Kom terus in God
Bainsvlei
NG GEMEENTE


Ashoop tot Hoop
'n 40 dae reis na Hoop
onell Bezuidenhout
Vanjaar val Aswoe
18 Februarie. Oor
Van Ahoop tot Ho
dae reis, deur
Bezuidenhout, var
te skaf. In haar bo
Ronell ons op 'n 40
en laat ons met b
vrae en stof vir n
alles gepas vir die
Ook deur
Ronell Bezuidenhout



NEKORT
DIE RAK
In Bidder
Verbondenh
Biddend heeljaar l
PUBLISHERS
UITGEWERS
NICO KOOPMA
ARIE 2026


BAKENGEMEENTES:
CARE FOR AFRICA
Witnesses of Earthkeeping and Ecological Justice
AKADEMIE
& TEOLOGI
titels
AG
soekte
letyds vir die nuwe
2026 Akademiese jaar
anbod geldig tot 31 Maart 2026
terwyl voorraad hou


jou besigheid 'n
Artikel 18 A
ertifikaat nodig vir
elastingdoeleindes ?
Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esa


JY GEWEET
D BIED
KOMSNAVRAE
ISTE?
vrae word
troulik
vang
fasiliteer kontak, aanvanklik indirek,
at partye gereed is vir 'n ontmoeting.
Engo


SPESIALE
AANBOD!
DAGBOEK
R200 elk
DAGBOEK
R300 elk
KALERNDER
R80 elk
WhatsApp 060 548 5543
Engo


AKTIWITEITE VIR
BYBELS
Nou kan jy jou stokperdjie in
'n fondsinsameling vir Bybels
omskep!
A4B
#AKTIWITEITE4BYBELS
bybelgenootskap
van suid-afrika


ISIXHOSA 1975 VERSIO
Complete Bible, medium size, vinyl softcover, gilt-edged and
IZIBHALO
EZINGCWELE
IZIBHALO
EZINGCWELE
ONLY
R385
EACH
www.bibleshop.co.
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa
* Price excludes delivery


GRATIS
BYBEL-APPS
VIR ALMAL
Google Play
App Store
AppGallery
Lees die Bybel sonder dataverbinding.
Vergelyk verskillende vertalings. Pas jou
Bybelleeservaring aan volgens jou
behoeftes. Kopieer Bybelverse of deel
met ander.
Bevat geen advertensies.
Beskikbaar in die
volgende tale
Afrikaans •
Engels •
IsiZulu •
IsiXhosa •
Sepedi •
Sesotho •
Setswana •
IsiNdebele •
Siswati •
Xitsonga •
Tshivenda •
Johannes 3
14 Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, 15 sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.
16 "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. 17 God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te
bybelgenootskap
van suid-afrika

NG Kerk Vrystaat | excelsus SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

2 VBO-PUNTE

# IN PAS GEMEENTES

**VENNOTE IN GETUIENIS** nooi jou uit na hierdie oggendgeleentheid tydens hul Raadsvergadering. **Dr Tom Smith**, hoof van Excelsus, kom gesels oor die boek, ***IN PAS met die lewende God****: Ritmes en gewoontes vir roeping-getroue gemeentes*, met die fokus op geestelike ritmes en doelbewuste gewoontes wat gemeentes help om getrou en met onderskeiding God se roeping te leef.




**18 FEBRUARIE** 2026
10:00 – 14:00

**MOOIGENOEG, BFN**

RSVP | **11 FEBRUARIE**
sanet@ngkvs.co.za



## GRATIS

**Middagete is ingesluit**

**GASSPREKER**

**Dr Tom Smith**
*Hoof van Excelsus*

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




**16 Februarie**

10 VBO-punte

Praktiese pastoraat vir predikante in die praktyk




**24 Februarie**

10 VBO-punte

Kom (her)ontdek die hart van die sakramentele erediens




**2 & 3 Maart**

10 VBO-punte

Job-seminaar: *Met … Job in gesprek … met …*




**3 Maart**

2 VBO-punte

Balans in die bediening met dr Gustav Gous van Work-Life Workshop




**11 Februarie**

3 VBO-punte

Wat beteken inspirerende leierskap in 'n wêreld vol kompleksiteit?




**19 Februarie**

10 VBO-punte

Praktiese Teologie – Hoe't ons gemaak? Hoe nou? Hoe vorentoe?



**10 Februarie**

5 VBO-punte

'n Moeder se invloed op volgende generasies




**23-25 Februarie**

VBO-punte

Spelterapie: Inleidende kursus in die Suid-Kaap




**25-27 Februarie**

VBO-punte

Spelterapie: Gevorderde kursus in die Suid-Kaap


# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Kunsmatige Intelligensie: Opwinding word afgewissel deur vrae en omsigtigheid toe teoloë oor KI besin

*5 Februarie 2026*
*Kerkbode, Nuus*
*Le Roux Schoeman*



Elders gesien: Spanning loop hoog, maar leiers wil 'openhartig' gesels ná GKSA dié besluite neem op Potch

*4 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Verklarings*



Getuienis: 'Ek is gereed om te dien,' sê diensleraar wat MTh en LLB ná 58 verwerf

*4 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*




Kollig-podsending | Kerkwees in krisistye: 'Dit gaan oor die getuienis van die kerk' – Marinda van Niekerk van Respond SA in gesprek met ander

*2 Februarie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*



Orrels en orreliste is ook (musiek)-instrumente in die koninkryk

*30 Januarie 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*



Elders gesien: Netwerk vra hulp met rampondersteuning in Mpumalanga en Limpopo

*30 Januarie 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

Google Play   kerkbode.christians.co.za   App Store

Bybel-Media



## Die dans van ewigheid




**R200**

### Leef lig en vry in God se beloftes

Te midde van 'n wêreld vol haastige dae bied hierdie boek jou 'n anker van sekerheid: God se ewige beloftes. Hier vind jy nie net woorde op papier nie, maar 'n uitnodiging tot 'n nuwe manier van leef, een waar hoop jou dra, vrede jou vul en jy die toekoms met sekerheid tegemoet kan gaan. Elke *essay* herinner jou dat die Ewige getrou bly. Jy sal ontdek hoe God se beloftes jou lewe elke dag verander: om ligter te leef, om vry te word van vrees, om jou hart te laat rus in die wete dat jou toekoms veilig is. *Die dans van ewigheid* sal jou lei om God se ewigheidsbeloftes, wat jou lewe nuut maak, vandag en vir altyd te omarm. Om elke oomblik op die ritme van die ewigheid te dans. Om lig te leef.

## Jy IS 'n ma duisend




**R160**

### Ontmoet God in die chaos van ma-wees

As jy ooit wonder of jy, die ma van jong kinders, genoeg is – hiér is 'n boek vir jou! In 31 eerlike en bemoedigende *essays* deel Francine Prins en Maryke Hansen stories uit hulle eie lewe as ma's. Hulle stories is nie glansfoto's van perfekte ma-wees nie, maar vertel van egte oomblikke van lag én trane, van geloof, hoop en liefde – sommerso tussen die koekiekrummels op die bank, histeriese huilbuie, oorvol wasgoed-mandjies, onderbroke slaap, speelgoed wat oor die vloer gesaai lê, kos wat wil-wil aanbrand en gebede wat halfpad onderbreek word. *Jy IS 'n ma duisend* is geskryf deur ma's vir ma's, om hulle te bemoedig en hulle te herinner dat God elke oomblik by hulle is, in tye van chaos én in tye van vrede.

## Die krag van 'n biddende meisie




**R89**

Deur die loop van haar invloedryke loopbaan as skrywer het Stormie Omartian miljoene vroue geïnspireer om kragtig te bid oor hulle huwelik, gesin en lewe. Nou wil Stormie die volgende geslag gebedstryders leer hoe om met God te praat. In *Die krag van 'n biddende meisie* ontdek ampertiener-meisies tussen 8 en 12 méér as net hoe om met God te kommunikeer. Hulle sal ontdek hoe lief God hulle het, wat hulle ware geestelike identiteit is, wie Jesus is en hoe hulle Hom as hulle Verlosser kan aanvaar. Elke hoofstuk het eenvoudige vrae om meisies in hulle geloof te help groei, met plek om hulle antwoorde neer te skryf. Vat hande met Stormie en help ampertiener-meisies om die lewens-veranderende krag van gebed te ontsluit.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**AANVAAR | Dr Juppi Steurer** van NG Gemeente Sasolburg-Fontein het op 24 Januarie die beroep na NG Gemeente Grimbeekpark, Potchefstroom, aanvaar. Sy bevestiging en intreepreek in die gemeente sal DV op 8 Maart 2026 plaasvind.

**Ds Willie Korb** van NG Gemeente Oranjeville het die beroep na NG Gemeente Messina aanvaar en op 3 Februarie 2026 bedank. Sy laaste preek by Oranjeville-gemeente is eerskomende Sondag 8 Februarie 2026.





HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik


## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Paasnaweek Retraite

## in Philippolis



## 2–5 April 2026




**Vir meer inligting**

**Whatsapp:**

**0721150057**

# ’N LAASTE GEDAGTE



**Foto:** *Canva*

ALGEMEEN
Redakteur van die Vrypos
Celicia McLean

# Wees stil en weet

*“Be still, and know that I am God.”* **- Psalm 46:11**

Januarie het skaars begin, toe dit al gevoel het asof ons agter die tyd aanhardloop. Besluite moes geneem word, kalenders ingevul word, verantwoordelikhede hervat word. En voor ons ons kon kry, het *Januworry* stilweg oorgegaan in *verderworry* – Februarie se tempo wat reeds aandring dat ons méér moet doen, beter moet beplan en vinniger moet beweeg.

In hierdie gejaag fluister God egter iets wat teen alle menslike instinkte ingaan: *“Wees stil.”*

Nie omdat niks gebeur nie, maar juis omdat alles gebeur. Nie omdat ons onbetrokke moet wees nie, maar omdat ons moet onthou Wie werklik in beheer is. Stilword is nie passiwiteit nie; dit is geloof. Dit is die bewustelike besluit om op te hou om alles self te probeer dra.

“En weet dat Ek God is.”

Daardie *weet* is meer as kopkennis. Dit is ’n rus in die waarheid dat niks wat ons is, niks wat ons het, en niks wat ons doen, uit onsself is nie. Alles is genade. Elke asemteug, elke geleentheid, elke roeping, elke nuwe dag – dit alles kom uit God se hand.

Ons leef maklik asof die wêreld van ons afhanklik is. Asof alles gaan inmekaartuimel as ons nie beheer neem nie. Maar Psalm 46 herinner ons: God is God lank voordat ons begin bekommer het, en Hy sal God bly lank nadat ons moeg geword het.

Daarom mag ons *let go*.

**Lees** meer »

# #imagine

28-30 March 2026

## called + sent

MATTHEW 4:19



**Freestate**

Bothaville - Nampo Park

R780 (Transport excluded)

Teenagers 13-18 years



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**


Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**


**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2026**

Departement
*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*